# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe vir aandag van: Ds. GCD Stoltz by kse@apkerk.co.za

21 Januarie 2026

## <u>OMSENDBRIEF 1/2026</u>
## OPNAME DEUR KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE

**Aan alle saakgelastigdes en ringskribas**

Geagte Broeder/Suster

Tydens die 13de Sinode (2013) is besluit om weer 'n Kommissie vir Sending en Evangelisasie (KSE), tot stand te bring. Volgens die besluit, moet die KSE tydens elke Sinode terugvoer gee oor die stand van sending en evangelisasie in elke gemeente. Om aan hierdie opdrag uitvoer te gee, stuur ons aan u hierdie vraelys met enkele vrae. Sal u asseblief hierdie vraelys tydens 'n amptelike vergadering in bespreking neem en so volledig moontlik invul?

Ons stuur hierdie korrespondensie aan al die Ringskribas ook, met die versoek dat u die ringsgemeentes aan hierdie vraelys sal herinner. Die KSE stel aan Ringskribas voor dat hierdie saak deel van u ringsvergadering vir 2026 se sakelys sal wees vir terugrapport aan die plaaslike ring.

Sal u skriba ook die voltooide vorm per epos aanstuur na: **kse@apkerk.co.za**

Dit moet die KSE asseblief nie later as ***<u>23 MAART 2026</u>*** bereik nie. Dit moet verwerk word vir terugrapport na die **2026 Sinode.**

Hierdie vraelys was ook aan gemeentes gestuur vir terugrapport tydens die 2022 sinode. Baie afgevaardigdes het gesê dat hulle glad nie kennis geneem het van so 'n verslag of vraelys nie. Sal u asseblief moeite doen om dit te behandel.

**<u>Vir duidelikheid:</u>**

- *Hierdie vraelys gaan slegs oor sending en evangelisasie en nie oor barmhartigheidswerk soos Volkshulp 2000, Helpende Hand, verspreiding van klere of droogtehulp aan individue of gemeentes nie.*

- *Volgens sommige bronne word onderskei tussen sending en evangelisasie: dat sending die verkondiging van die Evangelie aan mense is wat nog nooit die Evangelie gehoor het nie, terwyl evangelisasie die verkondiging van die Evangelie is aan mense wat die Woord ken en die rug daarop gekeer het of roekeloos begin lewe het.*

**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

- *Die KSE het besluit om die vraelys daarvolgens op te stel.*
- *Vul asseblief so volledig moontlik in en stuur na:* kse@apkerk.co.za
- *Die vrae volg op die bladsye hierna.*



______________________________

Ds. Danilo Stoltz
Voorsitter (KSE)

**VRAE: SENDING**

1. Het u gemeente enige uitreikaksies na mense of lande wat nog nooit die Evangelie gehoor het nie? Indien u antwoord "Ja" is, verduidelik asseblief.

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

2. Het u as gemeente kontak met 'n sendeling wat iewers onder mense werk wat nog nie die Evangelie gehoor het nie? Indien u antwoord "Ja" is, verduidelik asseblief.

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

3. Gee u gemeente 'n finansiële bydrae aan 'n sendeling of sendingorganisasie? (Let wel: nie 'n barmhartigheidsorganisasie nie). Indien u antwoord "Ja" is, vermeld die organisasie en land waar die sendeling werk.

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………

4. Het 'n sendeling al by u gemeente kom terugvoer gee oor die werk wat hulle doen? Indien u antwoord "Ja" is, verduidelik asseblief.

……………………………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………………………………



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390

VRAE: EVANGELIESASIE

Sommige lidmate van die AP Kerkverband het die standpunt dat daar so baie werk onder ons volksgenote en ander mense in ons eie land is, dat ons nie sendingwerk op ander plekke hoef te doen nie, maar sommer in ons eie dorpe en omgewing moet werk en moet uitreik. Die kommissie stem saam dat werk onder ons eie mense baie belangrik is. ***Hierdie afdeling raak daardie werk wat u gemeente onder toesig van u ouderlingeraad in u eie omgewing doen.***

1. Het u gemeente enige uitreikaksies na mense in u dorp of omgewing wat nie deel is van u gemeente nie? (Let asseblief weer daarop dat dit nie hier gaan oor barmhartigheidswerk of uitdeel van kospakkies of klere nie, maar ’n uitreik met die Woord van die Here. Indien ’n uitreik met die Woord, met ’n barmhartigheidsprojek saamval, kan u dit asseblief so verduidelik?)

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

…………………………………………………………………………………………………

2. Gee u gemeente enige bydraes aan die Bybelgenootskap?

…………………………………………………………………………………………………

Sinodebesluit 2013 (Handelinge 2013, bl. 290):
*Die roeping van onse Here Jesus Christus, die Koning van ons kerk, is onontkombaar. Om waarlik kerk van die Here te wees, moet hierdie roeping daadwerklik gehoorsaam word deur lidmate en kerkrade. Iedere ouderlingeraad in die kerkverband word ernstig opgeroep om afsonderlik en gesamentlik sending-en-evangelisasie-aksies te inisieer terwyl die Kommissie vir Sending gelas word om:*
*i) Waar moontlik te help om sodanige aksies te koördineer, advies te gee; en*
*ii)* ***toe te sien dat op elke sinode verslag gedoen word van die stand van sending in die AP Kerkverband.***



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390